SA se eie DNS-databasis vorder

Leanne George

Brig. Joe Smith, waarnemende hoof van kwaliteitbestuur in die polisie se forensiese dienste, wys vir joernaliste hoe 'n monster uit die binnekant van 'n mens se mond geneem word om DNS te verkry.

PRETORIA. – Suid-Afrika gaan binnekort sy eie nasionale DNS-databasis hê.

Dit sal bestaan uit DNS-profiele van onder andere veroordeelde misdadigers, mense wat in hegtenis geneem word en monsters wat op misdaadtonele geneem is. Dit sal dit vir die polisie makliker maak om verdagtes met misdaadtonele te verbind.

"Ons is nie sóós CSI nie – ons ís CSI," het lt.genl. Khomotso Phahlane, afdelingkommissaris van die polisie se forensiese dienste, Woensdag skertsend op 'n nuuskonferensie gesê.

"Lede van die FBI het ons besoek kort ná die opening van die forensiese geriewe in Plattekloof in die Kaap en hulle het gesê hulle het nog nooit iets so indrukwekkends gesien nie."

Meer as 500 internasionale en nasionale belanghebbendes in die forensiese wetenskappe het 'n forensiesedienstekonferensie vandeesweek by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) in Pretoria bygewoon.

Phahlane het die media toegespreek oor die Wysigingswet op Strafreg (Forensiese prosedures) wat op 31 Januarie van krag geword het.

"Kragtens dié wet moet ons binne twee jaar die DNS-profiele van gevonniste misdadigers in tronke oor die land heen op die databasis hê," het brig. Joe Smith, waarnemende hoof van gehaltebestuur vir forensiese dienste, gesê.

Smith het gesê dit geld misdadigers wat ernstige misdade – soos moord, seksuele misdrywe en rooftogte – gepleeg het.

Daar is tans sowat 160 000 gevangenes in tronke oor die land heen, maar Smith meen dit sal polisielede wat vir dié taak opgelei word, slegs 'n paar maande neem om DNS-monsters te neem van al dié wat ernstige misdade gepleeg het.

"Ons moet ook daarvoor voorsiening maak dat monsters eers geneem word van die gevangenes wat binnekort vrygelaat gaan word.

"Die wet maak ook daarvoor voorsiening dat die polisie verdagtes in 'n saak kan versoek om 'n monster te verskaf. Indien hulle weier en die saak is baie sterk, kan die polisie 'n hofbevel bekom om hulle te dwing," het Vanessa Lynch, direkteur van die DNA Project en ondervoorsitter van die forensiese oorsig en etiese raad, gesê.

Dié raad is verlede maand deur Nathi Nhleko, minister van polisie, aangestel as waghond oor die databasis om te verseker die bepalings van die nuwe wet word nagekom.

Slegs diegene wat met die databasis werk, sal toegang daartoe hê, het Phahlane gesê.

"Nie eens internasionale wetstoepassers, soos Interpol, sal toegang hê nie.

"Hulle kan ons wel nader en ons sal soektogte vir hulle op ons databasis doen."